

# HOËRSKOOL PUNT POINT HIGH SCHOOL

Tel: 044 691 2247 / 691 2274  
082 563 1747  
www.pointhighschool.co.za

Faks / Fax: 044 691 3179  
Epos / Email: hspunt@mweb.co.za  
Posbus / PO Box 266 Mossel Bay 6500



4 Februarie 2019

Geagte Ouer(s)/Voog(de)

## AANLYN TOELATINGS: 2019/2020

Die doel van hierdie brief is om u in kennis te stel dat Hoërskool Punt deur die distrik aangewys is om deel te neem aan 'n loodsprojek vir die implementering van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se aanlyn toelatingstelsel vir die 2019/20-toelatingsproses.

Die aanlyn proses beoog om:

- lang toue by skole uit te skakel;
- toegang uit te brei sodat ouers dit in die gemak van hul huise/kantore kan doen;
- te verseker dat ouers bevestiging dat hulle by 'n skool aansoek gedoen het, ontvang;
- ouers toe te laat om deur die huidige School Admissions Management Informtion (SAMI)- funksie die stand van hul aansoek na te spoor; en
- ouers toe te laat om deur 'n bykomende funksie aanvullende dokumente vas te lê.

Die tydsraamwerk sal as volg wees:

15/02/2019: Skooltoelatings word geopen.

15/03/2019: Skooltoelatings sluit.

07/06/2019: Ouers word aanlyn van die uitkoms in kennis gestel.

12/07/2019: **Ouers bevestig finale aanvaarding (aanlyn).**


26/07/2019: **Sperdatum vir ouers om gewaarmerkte afskrifte van benodigde dokumente in te dien.**

**In gevalle waar die ouer nie teen 12 Julie 2019 'n finale besluit geneem het nie, sal die stelsel outomaties die leerder by die eerste suksesvolle skool plaas, soos deur die ouer se voorkeurorde aangedui is.**

Indien ouers nie finale aanvaarding teen 12 Julie 2019 bevestig, of gewaarmerkte afskrifte van benodigde dokumente indien nie, mag skole sodanige plekke aan leerders op die waglys of aan ander leerders wat nog geplaas moet word, bied.

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:** Die stelsel versoek ouers om skole in voorkeurorde aanlyn te plaas.

Die kontakbesonderhede van die ouer is dus VERPLIGTEND en 'n geldige selfoonnommer, e-posadres en huisadres is van kardinale belang vir die stelsel om te funksioneer.



SEDERT 1921  
SINCE 1921

Voorlegging van 'n aanlyn aansoek deur 'n ouer aan 'n skool is geen waarborg van 'n plek by die gekose skool/skole nie.

Die eerste persoon wat die aansoek op die stelsel registreer, word by verstek die primêre ouer/voog, en kommunikasie sal outomaties deur die stelsel aan daardie ouer/voog gerig word. Enige geskilpunte in hierdie verband moet aan die distrikskantoor gerig word.

Wanneer die skool die leerder aanvaar het en die **ouer finale aanvaarding** by een skool teen **12 Julie 2019 bevestig het**, sal die stelsel die ouer/voog in kennis stel dat hulle gewaarmerkte afskrifte van die dokumente wat deur die skool benodig word, **binne 14 dae moet voorlê**. Indien die aanvullende dokumente nie betyds voorgelê word nie, kan daar op die aansoek aangeteken word dat dit 'n **onvoltooide LAAT aansoek** is en slegs geprosesseer sal word wanneer die uitstaande dokumente ontvang is.

**Slegs wanneer die skool op die stelsel bevestig het dat die dokumente ontvang is, sal die besluit as afgehandel beskou word.**

Vir hulp met die aanlyn aansoeke, is u welkom om Me. Elsa Deetlefs (044 691 2274 / 0606201522) te skakel.

**AANLYN AANSOEKE:** <https://admissions.westerncape.gov.za>

**MAAK HOËRSKOOL PUNT U NOMMER 1 KEUSE!**

Vriendelike Punt-groete



A. J. GOUWS  
SKOOLHOOF